**25 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 124**
**Fokusgedeelte: Psalm 124:1-6**

## As die Here ons nie gehelp het nie

Hierdie Psalm het deur die eeue altyd ’n besondere plek in gelowiges se lewens gehad. Wanneer ternouernood aan gevaar ontkom is, was dit ’n belydenis en ’n loflied.
God se Gees het Dawid gelei om die gevare wat mens bedreig, van alle kante te beskryf. Hy het dit in drie kragtige beelde gedoen: wrede, woedende diere wat lewendig verslind (vs 3); waters wat wegspoel as die vloed jou oorweldig (vs 4); ’n voëlvanger wat jou vasvang in sy wip (vs 7). Net, dis mense wat die grootste gevaar inhou en dit aan jou doen. Dis ménse wat jou aanval en soos wrede diere teenoor jou optree. Dis ménse wat jou soos ’n vloed wegsleur; wat jou vang soos ’n voël in ’n wip.
Die skrik voel jy aan in die sinsbou van Dawid: “As ... as ... dan ... dan ... dan ...”
Ons ken dit ook, nie waar nie? Die noue ontkoming. Die oomblik van stil skok. Jou kop voel leeg. Jou ore suis. Daar’s dowwe kolle voor jou oë en jou bors voel warm hier binne. ’n Motor het jou rakelings gemis met jou oorsteek van die straat ... Julle het ’n motorbotsing net-net ontkom, of ’n aanval in julle huis ...
Verligting gaan oor in verwondering en aanbidding. *As die HERE ons nie gehelp het nie!* Hy moet geprys word. Ja, werklik, die verlossing van ons Here Jesus Christus het nie net vir ons waarde vir eendag nie. Elke dag kom ons hulp van die Here. Hy is die almagtige God wat hemel en aarde gemaak het.

*Sing: Psalm 116:1, 2* *Ds. CJ Nagel (Messina)*